***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (16/24)***
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 19 April 2024*

***"The best thing one can do when it's raining is to let it rain" Henry Wadsworth Longfellow***

## SUID-AFRIKA INISIEER WHO-DISPUUT TEEN EU SITRUS SWARTVLEK-REGULASIES

Die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) en die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (die DTIC) het aangekondig dat SA konsultasies met die Europese Unie in die Wêreldhandelsorganisasie versoek het. Die konsultasies hou verband met fitosanitêre handelsregulasies wat op Suid-Afrikaanse sitrus deur die Europese Unie (EU) opgelê is.

Hierdie aksie is begin om 'n blywende oplossing vir die EU se fitosanitêre regulasies oor Sitrus Swartvlek (CBS) te vind, ten einde die lewensbestaan van tienduisende mense in die plaaslike sitrusbedryf te beskerm. Die stappe wat die SA Regering geneem is, word deur die Citrus Growers' Association of Southern Africa (CGA) ondersteun.

CBS is 'n swam-infeksie wat kosmetiese letsels op die vrugte kan veroorsaak. Ten spyte van die wêreld se voorste wetenskaplikes wat bewys het dat CBS nie deur die vrug, as "*pathway*", oorgedra kan word nie, het die EU voortgegaan om maatreëls op Suid-Afrikaanse sitrusprodusente af te dwing. Dit behels 'n gedetailleerde spuitprogram en inspeksies op boord- en pakhuisvlak, met aansienlike finansiële las en ander onbedoelde gevolge vir die Suid-Afrikaanse bedryf.

Thoko Didiza, Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, het die belangrikheid van werksgeleenthede in die sitrusbedryf uitgelig. "Rural economies throughout the country depend on the export of citrus for their income. Currently, the industry cannot afford the almost R2 billion that is needed to comply with the EU's trade-restrictive regulations."

Ebrahim Patel, Minister van Handel, Nywerheid en Mededinging, het beklemtoon dat "the EU market makes up one-third of all citrus exports from South Africa and is central to the profitability of the citrus industry. The EU's volumes cannot be absorbed by other markets. The consultations are a critical step in the WTO toward an effective resolution of South Africa's concerns. This follows many years of attempts by South Africa, through good faith engagement, to find a solution to trade-restrictive measures by the EU against South African products. It is our view that the measures by the EU are not justified, proportionate or appropriate".

Die sitrusbedryf verwelkom die regering se optrede, en die bedryf hoop vir 'n doeltreffende oplossing van die saak, in lig daarvan dat die konsultasies begin wanneer vanjaar se sitrus-uitvoerseisoen in aanvang neem. Projeksies toon dat as alle bedryfsbelanghebbendes bymekaar kom, die bedryf in staat sal wees om 'n bykomende 100 miljoen 15 kg kartonne oor die volgende agt jaar te produseer. Dit kan 100 000 meer werksgeleenthede skep en 'n bykomende R20 miljard se jaarlikse inkomste genereer, maar hierdie potensiaal sal sekerlik verlore gaan as die EU-mark verklein.

Die optrede deur die Suid-Afrikaanse regering poog om 'n landbousektor te beskerm wat aansienlik tot die ekonomie bydra. Die Suid-Afrikaanse regering en die bedryf sien uit na konstruktiewe konsultasies met die EU om 'n vreedsame oplossing te vind.

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Neem asseblief kennis dat die volgende CMF-vergadering op Donderdag, 25 April om 10h15 via ZOOM sal plaasvind. Kontak asseblief vir Portia Magwaza portia@cga.co.za om die skakel te kry.